
# 483 Voort kom die Woord van God se troon







‘n Vriend verkoop Hom aan die dood,
maar eers om self die vriend te voed
neem Hy aan tafel wyn en brood,
en gee sy Liggaam en sy Bloed.

Gebore word Hy ons Gesel,
Hy deel ons tafel, word ons Spys;
Hy sterf, die Prys wat ons herstel,
die Loon vir almal wat verrys.

O Offer, wat die sterweling
na hemelpoorte gretig lei,
die vyand wil u woord verdring,
laat tog u Naam die hart verbly.

Gee sonder einde dank en eer
aan God, vir altyd Drie-in-Een,
aan Vader, Seun, en Gees, die Heer,
wat lewe ewiglik verleen.

St. Thomas van Aquino (1227-74) L. van Beethoven (1770-1827)